## WEEKLIKSE NADENKE

*Matteus 25: 35-36*

*35Want Ek was honger, en julle het vir My iets te ete gegee; Ek was dors, en julle het vir My iets te drinke gegee; Ek was 'n vreemdeling, en julle het My as 'n gas verwelkom; 36Ek was nakend, en julle het My geklee; Ek was siek, en julle het My versorg; Ek was in die tronk, en julle het My besoek.*

Soos ons die kers seisoen nader is dit nodig om onsself solank te begin herinner aan daardie dinge wat soms vergete kan bly tussen die geskenke, liggies en bome. Die eerste ding wat ons sekerlik aan moet vashou is dat voor kerstyd `n geleentheid is om te ontvang, is dit `n tyd waarin ons gee. Kos vir die wat honger is, klere vir die wat koud is en liefde vir die wat alleen is. Mag ons oë nie net meer oop wees om dié raak te sien wat sukkel, maar ons hande ook meer oop om te deel.  Mag ons besef dat, soos ons teks hierbo sê, wanneer ons die geringstes onder ons bystaan, is ons eintlik besig om ons Here Jesus Christus te help!!!

Volg die skakel na Geloofsentrum se aanlyn Bybelskool indien jy verder wil oplees en leer - https://youtu.be/ysWzByHGspw